

*"Don't judge me by my face
by my religion or by my race
Don't laugh at what I wear
or how I look
Don't sit there and stare
look a little deeper..."*

(Uit: Look a little deeper, deur Jasmyn Nordstrom)

Kyk met GOD se oë



Ten spyte van die feit dat ons voor ons siele wéét dat ons met skeefgetrekte voorveronderstellings en wanopvattinge na mense kyk, sukkel ons steeds om ons genade-bril op te sit en daardie bril van genade op te hóú! Dit is dalk makliker om iemand in 'n boksie te plaas, want dan het ons 'n opinie - en om een of ander rede dink ons somtyds ons móét oor alles opinies hê. Dalk het dit iets met beheer te doen?

Wat hierdie probleem nog méér problematies maak, is dat ons ook met "beperkte oë" na onself kyk. Ons kyk 'n klomp goed binne in onself mis. Blinde kolle. Slegte goed...maar ook goeie goed.

Die lewe begin al hoe beter word hoe meer ek dit reg kry om met God se oë te kyk. God kyk verby die oppervlak. God se oë sien altyd die potensiaal raak. God se oë sien altyd die hart raak wat Hy in die eerste plek geskape het. God se oë is 'n "jy-is-my-geliefdes-kind" oë. Ten spyte van die feit dat Dawid somtyds erg droog gemaak het (net soos elkeen van ons), word daar steeds na hom verwys as "man na God se hart". Dís nou iets om oor opgewonde te raak!!

Sondag 17 Junie - Vadersdag

Kyk met God se oë

1 Sam 16:1-13

| | |
|-------------------------|---------------|
| 08:00 Meditatief | Breda Ludik |
| 08:30 Klassiek | Hannes Theron |
| 10:00 Meditatief | Breda Ludik |
| 10:00 Informeel | Lizette Louw |
| Geen Jeugaktiwiteite | |
| 09:00 Hoop Geloofsgem | Danie Möller |
| 10:00 HB Village | Hannes Theron |
| 10:30 Internas Studente | Die Khaya |
| Geen Tienerkerk | |
| 19:00 Aandkerk | Lizette Louw |

Deurkollekte: Omgeegroep

Dissipelskap

Ons wil in die derde kwartaal met 'n groep van 4-12 lede na aanleiding van Tom Smith se boek, Raw Spirituality, met mekaar 'n pad loop oor bepaalde lewensritmes wat ons kan help in ons verhouding tot God. Belangstellendes kan vir Hannes Theron (083 375 8443; hannes@nghelder.co.za) kontak

Sondag 24 Junie

1 Sam 17:32-49 en Ps 9:9-20

| | |
|-------------------------|-------------------------------|
| 08:00 - 11:00 | Meditatief |
| 08:30 Klassiek | Breda Ludik |
| 10:00 Informeel | Danie O'Kennedy |
| Geen Jeugaktiwiteite | |
| 09:00 Hoop Geloofsgem | Danie Möller |
| 10:00 HB Village | Breda Ludik |
| 10:30 Internas Studente | Die Khaya |
| Geen Tienerkerk | |
| 19:00 Aandkerk | Lize van Wyk en Hannes Theron |

Bid saam met ons vir die volgende:

Helene Swart - kanker
Roemel Swart - ernstig siek
Desiré Groenewald - kanker
Annelize Kritzinger se pa,
Hannes Jansen van Vuuren - kanker
Johannes Esterhuizen - beenmurg oorplanting
Elsabe Janse van Rensburg - hartomleidingsoperasie was sukses, dankie vir gebede
Erina Louw - ernstig siek
Danette Barnard - herstel na operasie
Christine Coetsee - hospitaal

Bid ook vir almal wat eksamen skryf en op een of ander manier betrokke is daarmee.



WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - DXkey*we7

Wat gebeur die week:

Dinsdag 19 Junie

06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent
17:30 Eredienswerkgroep - Kapel

Donderdag 21 Junie

18:45 Kantory oefen

Vrydag 22 Junie

Skole sluit

Spesiale mense

Vandag vier baie gesinne Vadersdag waar hulle vir pa's of mense wat 'n mentorsrol in hulle lewe speel, dankie sê.



Ons erken dat daar verskeie tipe mense is wat soos “vaders” is vir ons kinders: pa's, oupas, stiefpa's, aangenome pa's, voog pa's, kategete ooms, onderwysers, sportafrigters, goeie vriende, ouer broers, ooms en ander mans wat 'n pa rol speel in kinders se lewens, ons wil vandag aan **al** die tipe pa's dankie sê.

Ons erken ook vandag dat daar baie mense is wat vandag hartseer is of eensaam voel wat dalk 'n pa of pa-figuur verloor het, wat dalk 'n slegte herinnering het, of wie se pa of kinders nie nou by hulle kan wees nie.

Vandag wil ons vir spesiale mense dankie sê.

Vakansie eredienstye

Alle dienste bly dieselfde tyd gedurende die wintervakansie, net die formaat van die meditatiewe eredienste lyk anders. Die Kapel gaan van 08:00-11:00 oop wees en jy kan rustig daar gaan stil word in die teenwoordigheid van God en rondom sy Woord. Hierdie gebruik is ook nie 'n vreemde werkswyse binne die meditatiewe tradisie nie. Ons doen dit as 'n proefneming en sal graag jou terugvoer wil hoor.



Nog lede vir omgegroep

'n Senior omgegroep aan die Ooste kant van Somerset-Wes het plek vir nog lede. Indien jy wil deel word van die groep, kontak vir Olivia Hurst by 072 687 0093 of hurstolivia@yahoo.ca

Kerkkantoor ure gedurende die skoolvakansie
25 Junie tot 13 Julie is van 08:00 - 13:00

Kaartjies by Ontvangs teen R20/ kaartjie of R200/ pakkie van 10

| | |
|--|--|
| <p>GIVE RESPONSIBLY</p> <p>SOMERSET WEST NIGHTSHELTER</p> <p>VOUCHERS</p> <p>10 PER PACK @ R20 EACH</p> <p>www.facebook.com/Somersetwestnightshtelter</p> <p>www.swnightshtelter.org.za</p> <p>30 YEARS</p> <p>HELDERSTEM</p> <p>UITREIK</p> | <p>71 CHURCH STREET</p> <p><small>take right/left off Victoria av etc Somerset str. then right into Church</small></p> <p>HOPE & DIGNITY</p> <p><small>Don't just give people money, give them an opportunity to change their circumstances.</small></p> <p><small>We provide: accommodation, food, clean clothing, hygiene products, hot showers, & social workers. If the shelter is full and/or the individual does not comply with the rules or fit into the structure of the shelter, assistance as far as possible will be provided.</small></p> <p><small>If the individual disregards the voucher as they did not want actual assistance, but rather your money. The Voucher go back to the Night Shelter, which helps to change many lives. THANK YOU!</small></p> |
|--|--|

'n Plek waar jy behoort en geestelik groei

Helderberg is 'n groot gemeente waar sommige lidmate wegraak in die massa. In die gesprekke oor die "restart proses" het talle lidmate die behoefte uitgespreek dat hulle êrens wil behoort, dat hulle op soek is na 'n plek waar hulle waarlik




Foto: Absalom omgeegroep

kan tuiskom. Lidmate het ook 'n intense behoefte om geestelik te groei en te leer saam met medegelowiges. Hoe kan ons mekaar help om werklik te behoort en om geestelik te groei? Jesus Christus het sy bediening op aarde met 'n kleingroep begin. Hy het twaalf dissipels gekies en 'n pad met hulle gestap. Die eerste gemeentes in die NT was eintlik maar kleingroepe wat in huise bymekaar gekom het. Kleingroepe is werklik 'n plek waar jy die wil van God op talle terreine kan uitleef (vgl Kol 3:12-17).

Dit is daarom ons droom dat elke lidmaat in Helderberg deel van 'n kleingroep sal wees. Tans is die meeste van ons kinders en tieners deel van 'n kleingroep wat weekliks byeenkom en ons sien die vrug daarvan. Buiten die jeuggroepe is daar 'n verskeidenheid van groepe in ons gemeente: omgeegroepe, Bybelstudiegroepe, dissipelskap groepe, gebedsgroepe, uitreikprojekspanne, wyksgroepe, bedieningsgroepe, beradingsgroepe, ens.

Wat is 'n omgeegroep?

'n Omgeegroep is 'n kleingroep van ongeveer 10 persone of 5 gesinne wat op 'n gereelde basis op 'n tyd en plek van hulle keuse bymekaar kom. Enige persoon kan lid van omgeegroep word. Jy maak self die keuse of jy deel van die groep wil wees of nie. Daar is talle kleingroepe waar families geskei word volgens ouderdom, geslag of belangstellings, maar by die omgeebediening is dit ons wens dat huwelikspare of gesinne saam betrokke sal wees. Dit is ons droom dat omgeegroepe nie net op een element van ons gemeentebediening sal fokus nie, maar dat die volgende vier elemente in balans sal wees: (1) Om mekaar onderlinge te versorg; (2) Om saam met mekaar God te aanbid; (3) Om mekaar op te bou uit die Woord van God; (4) Om mekaar te ondersteun sodat ons kan uitreik na 'n wêreld in nood. Ons het gevind dat daar werklik geestelike groei in groepe plaasvind wanneer al vier elemente uitgeleef word.



Hoe kan ek lid van 'n omgeegroep word?

Die maklikste is om iemand te kontak wat reeds deel van 'n omgeegroep is óf kontak die kerkkantoor by 021-851 5582 om jou naam op te gee óf stuur 'n e-pos aan omgee@nghelder.co.za met al jou besonderhede. Mari van der Bank kom elke Dinsdag na die kerkkantoor om persone by groepe in te deel.

Kan ek 'n nuwe groep begin?

Ons is altyd op soek na leiers om nuwe groepe te begin. Dalk het die Here jou geroep om 'n nuwe groep te begin onder jou vriendekring of in jou omgewing. Ons sal jou ondersteun met materiaal en persoonlike begeleiding.

Kontak vir Danie O'Kennedy (083 375 8441; danieok@nghelder.co.za) of Herman du Plessis (078 456 6875; hermanduplessis@capitecbank.co.za).

Francé Ludik bied in Augustus 'n program aan by Jakes Gerwel Tegniese skool in Bonnievale en is

op soek na **blokfluite en kitare**. Indien jy van

joune by die huis wil ontslae raak, gee dit asseblief af by Ontvangs van die Kerkkantoor.



Die **Pêrelprojek** benodig die volgende kundiges om deel te word van die projekspan:

Kopieskrywer, grafiese ontwerper (desktop to print ontwerp) en 'n persoon wat oor Prezi vaardighede beskik.

Kontak asb vir Frederike by 076 177 6256 of frederikevanschalkwyk@gmail.com

Vakansieklub

Ons benodig ook die volgende skenkings, asseblief teen 22 Junie:

Kunsaktiwiteite:

- bruin, wit en gekleurde A4 karton
- gom
- krale
- swart kolletjie plakkers
- silwer sterretjies
- klein klokkiessies
- rooi materiaal
- potterbakker klei
- leë toiletrolletjies

Kombuisbenodighede:

- koffie & tee
- warm sjokolade
- vrugte sappe
- koekies
- ontbytpappe
- suiker
- melk
- beskuit
- appels



Vir enige navrae kontak Lizl Botha by lize@nghelder.co.za of Annette Botha by fbadmin@nghelder.co.za

Helderberg Uitreik loof die Here vir 15 jaar!

Tydens hulle Jaarvergadering op 11 Junie, het Helderberg Uitreik verslag gedoen oor die afgelope jaar se werksaamhede en ook hulle 15de bestaansjaar gevier. Alle eer aan die Here wat hierdie mylpaal moontlik gemaak het.

Die bestuur is dankbaar om verslag te doen dat hulle pas die 37ste projek registreer het en is nou betrokke in 7 lande. Die bestuur spreek hulle dank uit teenoor God en ook teenoor Helderberg Gemeente wat die infrastruktuur vir die bestuur van Helderberg Uitreik voorsien. Die projekte word deur passievolle projekspanne bestuur. As die Here 'n passie in jou hart gelê het, is jy welkom om met ons te gesels.

Onder is die statistiek van mense wat die afgelope jaar deur Helderberg Uitreik se projekte bedien is.

| | Kinders 0-18 | Volwassenes | Totaal |
|---|---------------|---------------|---------------|
| Evangelisasie | 17 377 | 27 118 | 44 495 |
| Dissipelmaking | 6 017 | 5 579 | 11 596 |
| Ontwikkeling | 5 271 | 2 143 | 7 414 |
| Armoede-verligting | 10 185 | 7 669 | 17 854 |
| Pastorale sorg/Berading | 803 | 1 773 | 2 576 |
| Mediese sorg | 3 929 | 1 067 | 4 996 |
| Ander dienste | 187 | 656 | 843 |
| Totale getal mense direk bedien | 43 769 | 46 005 | 89 774 |
| Mense bedien deur Media (Boeke, CD, Artikels, Radio, TV ens.) | 14 760 | 159 906 | 174 666 |
| Totaal vrywilligers betrokke | 1 787 | 2 169 | 3 956 |

Marius Kritzinger, stigterslid van Helderberg Uitreik, sny die verjaarsdagkoek by Maandag se Jaarvergadering.

Helderberg
UITREIK



Met 'n lied in die hart

Sedert ek betrokke geraak het by die **Uyavula-leesprojek**, is Woensdae my gunsteling dag. Ek ry met 'n lied in my hart na Oklahomastraat Primêr, wat natuurlik in Oklahomastraat in Macassar is. As iemand wat baie van musiek hou, is dit vir my groot pret om in al die strate met musiekterme en musiekblyspele vir name te ry. Teen die tyd dat ek uit Musicalaan in Nagtegaal-straat draai, en dan links in Showboat en weer regs in Oklahomastraat, strek my glimlag van oor tot oor.

By die skool voel mens so welkom, en terwyl ons wag dat die klok moet lui om die einde van pouse aan te kondig, word mens verras met drukkies van kinders wat ons sien aankom. Wanneer die graad 3-klas in 'n koor sê: "Goeie môre tannie

Annette, en hoe gaan dit vandag met u?" kan dit mos nie anders as om voor die wind te gaan nie. Die kinders stoei amper vir die beste plek op die mat, en wanneer jy begin lees, sit hulle met groot afwagting en luister. Al is daar hier en daar 'n outjie wat vroetel of 'n maatjie pla, let hulle oor die algemeen baie goed op en antwoord flink wanneer dit by vraetyd kom.

Wat ook verblydend is, is dat Juffrou hulle elke keer iets laat skryf en teken oor die dag se storie, en volgende keer kry ek voorbeelde van die skryf- en tekenwerk. Dit is kostelik om te sien hoe hulle die stories verstaan en probeer om groot woorde te skryf. En as een skryf dat hy nie kan wag vir die "neks" storie nie, dan gaan kies ek sommer dadelik die volgende storie wanneer ek by die huis kom.

As leser voel ek nie net bevoorreg om 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van kinders nie, maar ontvang ek soveel terug van hulle - liefde en onvoorwaardelike aanvaarding, en daar is niks wat mens meer spesiaal kan laat voel nie.

Annette Ruppert - Uyavula Leesprojek vrywilliger

Is jy ook lus vir lees? Kontak vir Amanda de Villiers by 072 874 0147 of manda.devilliers@gmail.com



**Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede**

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

**Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.**

ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Kerkkantoorure

Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 08:00-13:00

Helderberg NG Gemeente

021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za



PXMP14718



PXMP14718

Helderberg Gemeente

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente
word finansiell en maatskaplik
deur die Versorgingsfonds
ondersteun.

Dankie vir getroue bydraes.



**Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede**

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*